

## Uitgebreide internasionale herstel in die vooruitsig

Wêreldwye ekonomiese nuus: Nov 2009

deur Kevin Lings, ekonoom, en Melissa Dyer, Stanlib

Die wêrelddekkende ekonomie het 'n herstelfase betree. Hoewel die meeste ekonomieë steeds onstabiel is, dui vooruitskouende ekonomiese aanwysers daarop dat ekonomiese toestande in die proses is om "minder te verswak". Amerikaanse huismarksyfers het matig herstel. China se ekonomiese gegewens is indrukwekkend, hoewel sy uitvoere sal moet verbeter om die BBP-groei, wat hoofsaaklik binnelands-gedrewe is, uit te balanseer. Ons siening is dat daar in 2011 'n matiging in wêreldgroei sal wees, veral in ontwikkelde lande.

### Ekonomiese aanwysers dui op 'n uitgebreide herstel

Gedurende Augustus het die toonaangewende aanwyser van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkelingsgebied, wat 29 van die wêreld se grootste ekonomieë insluit, die sesde agtereenvolgende maand toegeneem – wat 'n sterk aanduiding is dat 'n ekonomiese herstelproses besig is om te ontvou.

Hierdie aanwyser het 10 onderliggende komponente soos byvoorbeeld geldvoorraad en die gemiddelde aantal werksure. Dit het 'n goeie reputasie as voorspeller van BBP-groei vir tot 12 maande, asook 'n sterk verbintenis met die aandelemark.

Dit lyk of die herstel redelik uitgebrei is, met toonaangewende aanwysers wat in elk van die G7-ekonomieë verbeter. Dit is veral sigbaar in Frankryk en Italië. Van belang is ook die feit dat die leidende aanwysers vir China, Indië, Brasilië en Rusland aan die styg is.

### Matige verbetering in Amerikaanse huismarksyfers

Die Amerikaanse huismark, wat die middelpunt van die wêreldwye kredietkrisis was, het ook reeds verbeter. 'n Reeks Amerikaanse huismark-aanwysers dui daarop dat die mark blyk stadig aan die herstel te wees, na 'n dramatiese en uitgerekte ineenstorting in 2008. September se gegewens was egter ietwat teleurstellend.

Die bou van nuwe huise en die toestaan van boupermitte blyk veral aan die afneem te wees. Gemiddelde huispryse in Amerika het egter vir drie agtereenvolgende maande gestyg. Die verkope van sowel bestaande as nuwe huise het ook in die afgelope drie maande verbeter en die verhouding tussen beskikbare huise (inventaris) en huisverkope het in die afgelope paar maande merkbaar verbeter. In besonder is die beskikbaarheid van nuwe huise op 7.3 maande van verkope laer – wat die laagste vlak sedert April 2007 is; en leë huis-syfers het ook effens verbeter.

Dit beteken nie dat die huismark oortuigend op die pad na herstel is nie. Die verkope van teruggeneemde huise is steeds besonder hoog en daar is steeds baie huise wat die risiko in die gesig staar om agterstallig te raak of selfs teruggeneem te word. Verder is die beskikbaarheidsvlak nog nie op 'n punt wat die voortgesette stabilisering van pryse tot gevolg het nie. Nogtans wil dit voorkom asof die huismark wel gestabiliseer het, met tentatiewe aanduidings dat 'n matige verbetering aan die gang is, hoewel nog op 'n baie lae vlak.

### Die China-faktor: bedryfsaktiwiteite neem toe

Die groot opkomende ekonomieë trek voortdurend baie aandag en China bly die fokuspunt van hierdie aandag.

China het onlangs 'n wye reeks ekonomiese gegewens van bepalende waarde vrygestel. Van die hoogtepunte is die volgende:

- In die algemeen is ekonomiese bedrywigheid aan die versnel, veral wat binnelandse besteding betref. China se BBP het in die derde kwartaal van hierdie jaar met 8.9% gegroei teenoor verlede jaar, en vir die jaar tot op hede met 7.7% gestyg.
- Al hierdie bedryfsaktiwiteite is binnelands-gedrewe. Vir die jaar tot op hede het vaste beleggingsbesteding 'n merkwaardige 7.3% bygedra tot BBP, terwyl verbruikersbesteding 'n verdere 3.6% bygedra het.
- In teenstelling hiermee het netto uitvoere die groeikoers met 3.6% ingekort. Met ander woorde, die swak uitvoervertoning tref die Chinese ekonomie nou nadelig; sou 'n mens die eksterne sektor buite rekening laat, dan sou China se BBP 'n merkwaardige groei van 11.3% toon.
- China is goed op koers om 'n BBP-groeikoers van 8% vir 2009 as geheel te behaal, en dit op 'n tyd wanneer die meeste ekonomieë 'n resessie beleef het.

China se verbruikersinflasie-koers vir September 2009 bly negatief teen 0.8%. Daar is egter groeiende kommer dat inflasie kan aanhou styg, dus sal die regering miskien sy stimulus-program in die nabye toekoms moet verslap. 'n Vertraging in die program kan 'n negatiewe uitwerking op die internasionale aandelemarkte hê.

In die algemeen bly China se vertoning indrukwekkend, veral sy binnelandse ekonomiese groeikoers; maar om volhoubaar te kan wees, word daar gehoop dat die uitvoerprestasie sal verbeter. Dit sal help om die groeibalans van die BBP te herstel.

### Vrae oor die volhoubaarheid van die herstel

In die geheel is die sogenaamde 'V'-vormige wêreldwye ekonomiese herstel nou baie sigbaar en word dit in die jongste BBP-gegewens weerspieël. Amerika het in die derde kwartaal 'n indrukwekkende jaarlikse groeikoers van 3.5% kwartaal-op-kwartaal (k/k) behaal, vergeleke met 'n daling van 0.7% k/k in die vorige kwartaal en 'n daling van 6.4%k/k in die eerste kwartaal van 2009. **Dit is die eerste styging in Amerika se BBP sedert die tweede kwartaal in 2008 en dit dui op die einde van die Amerikaanse resessie.**

Die groot vraag is of die herstel volhoubaar sal wees.

STANLIB se mening is dat hoewel daar bewyse van 'n redelike ekonomiese herstel is wat oor die volgende 12 maande sigbaarder sal ontvou (die meeste voorspellings vir 2009 en 2010 word huidiglik opwaarts aangepas), is daar 'n aantal faktore wat daarop dui dat wêreldgroeï, veral in die ontwikkelende wêreld, in 2011 kan afplat. Hierdie faktore sluit in: 'n volgehoue afname in huishoudings se vraag na krediet, 'n onttrekking van die volkskaalse fiskale en monetêre beleidstimulus, stygende koste van finansiële regulering en lae vlakke van vaste belegging, gegewe die surplus-kapasiteit. Dit impliseer nie 'n dubbelloop-resessie nie, maar eerder 'n meer matige herstelkoers.

\* k/k: kwartaal-op-kwartaal